


DIE LIEFDE - WEEK 3

# FAMILIE-TYD



## WAT LEER EK MY KIND VANDAG?

Die manier hoe ons mense lief het, moet hulle nader na God toe trek en nie verwilder of afskrik soos n voël verskrikker nie.

Efesiers 3:17 NLV
Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees.

## SAAM PRAAT - DEEL 1

Onthou jy nog nie hartjie wat ons gemaak het in week 1? Ons het die 10 gebooie uit skuurpapier geknip en gevou in die vorm van 'n hart. Daarna het ons dit toegedraai en bedek met wol. Net so het Jesus die wet vervul en bedek met sy liefde.

## SAAM DOEN:

- Neem enige pak kaarte en begin dit aan elke lid van die gesin uitdeel.
- Verduidelik dat jy 'n nuwe kaart spel vir almal gaan leer.
- Noem dan terloops dat hierdie kaartspel 100 reëls het wat hulle gou moet leer.
- Hou die reaksies dop en vra dan of hulle gereed is en uitsien na hierdie kaartspel?
- Die antwoord sal heel moontlik NEE wees. Gaan dadelik oor na SAAM PRAAT deel 2.







## SAAM PRAAT - DEEL 2

Hoe meer reëls daar is hoe minder lekker is dit om 'n speletjie te speel. Net so skrik dit mense af as daar te veel reëls is om Jesus se te dien.  Jesus het gesê daar is nou net een reël wat ons moet hou. Kan julle onthou wat dit is? Ons moet God en ander LIEFHÊ.

Te veel reëls is soos die skuurpapier waarop ons die 10 gebooie geteken het, dit voel nie lekker nie. Wanneer ons mense van Jesus vertel moet ons hulle nie oorlaai met reëls nie, al wat ons hoef te doen is om hulle baie LIEFDE te gee.